higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VROEË KINDERONTWIKKELING
NKR VLAK 4

28 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 A
1.2 D
1.3 A
1.4 C
1.5 A
1.6 B
1.7 C
1.8 B
1.9 B
1.10 D

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 primêre
2.2 informele
2.3 lewensvaardighede
2.4 na te boots
2.5 sorgafhanklikheidstoelae
2.6 vlak
2.7 aktief
2.8 Onderwyswitskrif 6
2.9 vennootskap
2.10 Beste praktyk
2.11 Effektiewe praktyk
2.12 holisties
2.13 loopbaanroete
2.14 Departement van Basiese Onderwys
2.15 betrokke/'hands-on'

(15 x 1) **[15]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Onwaar.✓ Om boeke te lees, stimuleer kognitiewe ontwikkeling✓
3.3 Onwaar.✓ Vlugtelingkinders word ingevolge die SA Grondwet beskerm en het gelyke regte op onderwys.✓
3.4 Waar
3.5 Waar
3.6 Onwaar.✓ Kulturele bewustheid word deur ouers/opvoeders bevorder.✓
3.7 Onwaar.✓ Kinders kan liedjies in verskillende tale leer.✓
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Waar (Aanvaar enige relevante motiverings)
(10 × 2) **[20]**

VRAAG 4

4.1 Waarnemingsblad/Notaboek/Joernaal
4.2 Kontrolelys of afmerklys
4.3 Rubriek
4.4 Assessering
4.5 Grondlynasessering
4.6 Deurlopende assessering/Formatiewe assessering
4.7 Summatiewe assessering
4.8 Wetenskaptafel/Ontdekkingstafel
4.9 Fantasie-area, Verbeeldingsare, Lewensvaardighede-area
4.10 Leeromgewing
4.11 Weerkaart
4.12 Verjaarsdagtabel/grafiek
4.13 Kalendar
4.14 Bywoningskaart of -register
4.15 Insluiting

(15 × 1) **[15]**

VRAAG 5

5.1 H
5.2 J
5.3 I
5.4 C
5.5 A
5.6 F
5.7 E
5.8 B
5.9 D
5.10 P
5.11 N
5.12 O
5.13 M
5.14 K
5.15 L

(15 × 1) **[15]**

TOTAAL AFDELING A: 75

AFDELING B

VRAAG 6

6.1 6.1.1

- Voorsien die jong kind van aanmoediging,✓ leiding,✓, lof en stel grense vas.
- Dissiplineer die kind – Dit moet opbouend wees✓ en nooit afbrekend nie.✓
- Hoë verwagtings – Doelwitte en verwagtings moet realisties✓ en bereikbaar wees.✓
- Mededinging – Die kind moet gesonde mededinging geleer word en dat wen nie alles is nie; eerder om hul bes te doen. Probeer om baie jong kinders nie in mededingende situasies te plaan nie, omdat hulle nie die regverdigheid van wen en verloor verstaan nie.
- Maak seker dat aktiwiteite uitdagend maar bereikbaar is.
- Aanvaar die kind net soos hy/sy is. Moenie kinders met mekaar vergelyk nie.
- Prys die kind se suksesse.
- Bou 'n ingesteldheid wat nuuskierigheid en ontdekking aanmoedig.

(Enige relevante antwoorde 3 × 2) (6)

6.1.2

- Laat die kind so dikwels moontlik✓ met hul portuurgroep meng. ✓
- Leer vir die kind sosiale vaardighede soos sagmoedigheid ✓ en bedagsaamheid.✓
- Gee vir die kind klein takies wat minder bevoorregtes sal help✓ bv. deur speelgoed aan kinderhuise te skenk.✓
- Leer die kind maniere soos om 'asseblief' en 'dankie' te sê.
- Leer die kind om verantwoordelikheid vir dinge of take te aanvaar.
- Leer die kind om te luister na wat ander te sê het.
- Leer die kind respek.
- Leer die kind wat dit is om te deel en beurte te maak.

(Enige relevante antwoorde 3 × 2) (6)

6.2 6.2.1

- Bied aktiwiteite op 'n interessante✓ en opwindende manier aan, om kinders aan te moedig om ontdekkings te maak.✓
- Laat die kinders hul eie ontdekkings maak✓ sonder om dinge vir hulle uit te wys.✓
- Gun die kinders tyd✓ om ontdekkings te maak en uitdagings te oorwin voordat jy tussenbeide tree.✓
- Stel die klaskamer só op dat dit die kinders uitnooi om deel te neem. Maak seker die aktiwiteitstafels is op die kinders so hoogte en moedig deelname aan.
- Toon belangstelling in die dinge waarin die kinders belangstelling toon, en beantwoord vrae op so 'n manier dat dit verdere ontdekking aanmoedig.
- Hou 'n verskeidenheid hulpbronne beskikbaar wat die kinders kan verken en ontdek.

(Enige relevante antwoorde 4 × 2). (8)

6.2.2
- Behandel alle kinders met respek.
- Groet elke kind wanneer hy/sy in die sentrum inkom en uitgaan.
- Toon belangstelling in elke kind: leer waarvan hulle hou en nie hou nie, en wat hul sterk en swak punte is.
- Vind uit wat die kind se huislike situasie is en watter faktore hulle gedrag by die skool kan beïnvloed.
- Groet elke kind op sy/haar naam.
  Luister na die kinders wanneer hulle met jou praat en toon belangstelling in dit wat hulle sê.
- Hurk af tot op die kind se vlak wanneer jy met hom/haar praat en kyk de kind in die oë.

(Enige relevante antwoorde 5 × 1). (5)
[25]

VRAAG 7

7.1 Meet✓
- Kinders kry geleenthede om te leer hoe om te meet.
- Kinders leer oor inhoudsmaat en volume wanneer hulle die koekmeel afmeet, lepels suiker en koppies melk uitgooi, ens.✓

Tel✓
- Lat kinders die bestanddele wat jy benodig, aftel.✓

Volg aanwysings✓
- Leer om die resepkaart te volg✓

Leer om te luister en aanwysings te volg✓
- Kinders moet die mondelinge aanwysings volg want jy gee terwyl julle saam die gereg maak.✓

Vroeë Geletterdheid✓
- Hulle begin ook algemene woorde herken, veral dié op kosetikette wat hulle dikwels sien.✓

Opeenvolging✓
- Dit beteken dat hulle verstaan dat gebeure in ‘n bepaalde volgorde moet plaasvind.✓

Wetenskapkonsepte✓
- Terwyl hulle kook en bak, sien kinders hoe voedselstowwe van vorm verander wanneer dit verhit, gekap, gevries en ontvries word.✓
- Hulle sien hoe twee materiale kan meng (meel en water), hoe sommige stowe oplos (die sout verdwyn in die water) en hoe water uit die pot verdamp wanneer die bredie kook. (7 × 2) (14)

7.2 7.2.1 Reggio Emilia-benadering (1)

7.2.2
- Vat die kind na die tuin toe✓ en praat oor die blomme, voëls, grond, ens.✓
- Laat die kin die troeteldiere versorg deur hulle te voer en hul hokke skoon te maak.
- Plant ‘n groentetuin aan.
- Pluk blomme en ruik hulle.

(Enige relevante antwoorde) (2)

7.3 7.3.1
- Maak seker daar is genoeg ruimte sodat die rolstoel vrylik kan rondbeweeg.✓
- Moedig die ander kinders aan om die rolstoelgebonde kind by die fisiese aktiwiteite in te sluit deur die bal vir hom/haar te gooi.✓
- Beplan aktiwiteite op ‘n plat oppervlak waar die rolstoel veilig kan rondbeweeg.

7.3.2
- Die kind moet die aktiwiteit kan kies wat hy/sy wil doen en waarin hulle voel hulle kan slaag.✓ Sodoende sal hulle teen hul eie tempo kan leer en selfvertroue kan ontwikkel in hul vermoëns wanneer hulle aan aktiwiteite deelneem.✓

7.3.3
- Gee eerder vir die kind korter aktiwiteite, omdat sy/haar aandagspan beperk is.✓ Laat die kind tydens storietyd naby jou sit en ho hom/haar by die storie betrokke ten einde sy/haar aandag te behou.

7.3.4
- Maak seker dat die gemeenskap van die kinders met spesiale behoeftes by die VKO-sentrum bewus is, en doen ‘n beroep op hulle vir skenkings, bv. rolstoele, fotostaatmasjiene, ens.✓
- Moedig die gemeenskap aan om op alle vlakke met jou saam te werk deur betrokke te raak, bv. parke om kinders met spesiale behoeftes te akkommodeer✓
- Winkelsentrums en ander plekke moet toeganklik wees vir mense met spesiale behoeftes, bv. rolstoelparkering en opritte.

(Enige relevante antwoorde) (4 × 2) (8)

[25]

VRAAG 8

8.1 8.1.1

- VKO-praktisyns✓ – Om die kinders te onderrig en na hulle om te sien✓
- Assistent-VKO-praktisyns✓ – Om die VKO-praktisyn te help, veral met groter groepe.✓
- Administratiewe personeel✓ – Boekhouer; tesourier – om die sentrum se finansies te hanteer.✓
- Algemene assistente/skoonmaakpersoneel – Om te verseker die sentrum is te alle tye skoon en netjies.
- Tuinier – Om die tuin netjies, veilig en skoon te hou.
- Kokke – Verseker dat die kinders gesonde maaltye kry.

(Enige relevante antwoorde 3 × 2) (6)

8.1.2

- Hou bywoningsregisters vir personeel en kinders.
- Beplan lesse en aktiwiteite.
- Beplan spyskaarte.
- Stuur rekenings aan ouers.
- Beplan oueraande.
- Beplan uitstappies vir die kinders.
- Bestel kos.
- Betaal rekeninge.
- Voltooi insidentregister
- Doen voorraadopname van hulpbronne.
- Stel begrotings op.
- Skryf verslae. (Enige relevante antwoorde 8 × 1) (8)

8.1.3

- Maak seker ouers is van die begin af ten volle vertroud met die skool se reëls en regulasies.
- Verseker oop kommunikasielyne tussen jou en die ouers.
- Ouers moet vry voel om die skool te besoek wanneer hulle ook al wil.
- Hou ouers op hoogte van dit wat by die skool gebeur. Dit kan gedoen word deur middel van nuusbriewe, aantekeninge en die kennisgewingbord.
- Handhaaf streng vertroulikheid tussen die ouers en die kind.
- Aanvaar opbouende kritiek van die ouers.
- Hou gereelde ouervergaderings. (Enige relevante antwoorde 6 × 1) (6)

8.2

- Kreatiewe aktiwiteite
- Fantasiespel
- Opvoedkundige speletjies, bv. legkaarte
- Lees in die boekehoekie
- Blokkies-spel
- Speel met musiekinstrumente/speelgoed (Enige relevante antwoorde 5 × 1) (5)

[25]

Copyright reserved

VRAAG 9

9.1 9.1.1 Prente van katte,✓ honde,✓ hamster en ‘n voëltjie in ‘n hok✓
(Enige VIER prente van troeteldiere of troeteldierprodukte kan aanvaar word) (4)

9.1.2 My Troeteldiere of Versorging van my Troeteldiere (1)

9.1.3 ‘n Tenk met ‘n akkedis,✓ voël in ‘n hok, ‘n troeteldierborsel,✓ voerbak,✓ troeteldierkos,✓ ‘n leiband, ‘n boek oor troeteldiere, sagte speelgoeddiere, ens. (5)

LET WEL: Aanvaar alle relevante antwoorde wat met die tema TROETELDIERE ooreenstem.

9.2
- Oggendring
- Groepsaktiwiteite
- Toiletroetine
- Vrye spel
- Oggendsnoephappie-tyd (Die laaste twee kan ook omgeruil word.) (5)

9.3 9.3.1
- Kinders leer deur te speel.
- Speel is ’n natuurlike manier om oor die omgewing en die wêreld om hulle te leer.
- Kinders leer deur speel hoe om te onderhandel (onderhandelingsvaardighede), te deel, en probleme op te los.
- Speel laat kinders toe om hul verbeelding te gebruik.
- Speel bevorder holistiese ontwikkeling.
- Speel stimuleer breinontwikkeling.
- Speel is pret. (Enige relevante antwoorde 4 × 1) (4)

9.3.2
- Sosiale ontwikkeling:✓ Die kinders tree in interaksie met mekaar om terwyl hulle speel.✓
- Fyn motoriese spiere✓ word ontwikkel wanneer hulle een blokkie op ‘n ander een sit.✓
- Kognitiewe ontwikkeling:✓ Hulle leer oor vorm, grootte en kleur.✓
- Wiskundige/Kognitiewe konsepte: tel blokkies.
- Emosionele ontwikkeling: Die kinders het pret.
- Taalontwikkeling: hulle tree in interaksie met mekaar, herken die letters op die blokkies. (Enige 3 × 2) (6)

[25]

VRAAG 10

10.1 10.1.1
- Geenfooi-/fooivrye skole
- Verpligte Graad R tot Primêre skool/voorskool (2)

10.1.2
- VKO het nou vanaf die Departement van Maatskaplike Dienste na die Departement van Basiese Onderwys oorgeskuif.
- Die Departement het die Nasionale Kurrikulumraamwerk vir kinders vanaf geboorte tot vier jaar ontwikkel. (3)

- Daar is nou gratis gesondheidsorg vir jong kinders.
- Kinders kan die munisipale biblioteek gratis gebruik. (Enige 3 × 1)

10.2 Jy moet die volgende faktore in gedagte hou wanneer jy jou assessering beplan:

- Wie gaan jy assesseer? ✓
- Waarom assesseer jy? ✓
- Wat wil jy assesseer? ✓
- Deur te bepaal wat jy wil assesseer, sal jou help om die kriteria te beplan.✓
- Wat weet hulle reeds? ✓
- Geen formele assesserings (toetse) mag gebruik word nie. ✓
- Die assesseringsmetode ten opsigte van die ouderdom van die kind moet ontwikkelingsgepas wees.✓
- Wanneer gaan jy assesseer?✓
- Dit moet deel van die daaglikse roetine vorm en die kinders moenie moeg of honger wees nie.✓
- Watter instrumente gaan jy gebruik?✓
- Watter instrumente sal mees gepas wees vir die assessering?
- Gaan jy 'n groep of 'n individuele kind assesseer?
- Gaan jy hulp benodig, byvoorbeeld iemand om oor die ander kinders toesig te hou terwyl jy assesseer?
- Waar gaan jy assesseer?
- Is die area groot genoeg? (10 × 1) (10)

10.3 10.3.1

- Aksieliedjies versterk die woorde van die liedjie✓. Die liedjie kan byvoorbeeld grootte of spoed beklemtoon.✓
- In die loop van die storie, bv., in 'Die drie klein varkies' sal hulle die frase ✓ – 'Dan sal ek blaas en ek sal blaas, en ek sal jou huis omblaas!' kan memoriseer✓
- Wanneer hulle sing, moet die korrekte uitspraak van woorde beklemtoon word, nuwe woorde/woordeskat word geleer.
- Klap die lettergrepe/klanke* van woorde uit, bv., K-A-T. (Enige relevante antwoorde 2 × 2) (4)

10.3.2

- Gebruik liedjies om syfers/getalle te leer✓bv., 'Arme 6 staan op sy kop, die sterk wind het hom omgedop'✓
- Laat die kinders getalle maak deur hul liggame te gebruik.✓
- Laat die kinders getalle uit speelklei maak.

(Enige relevante antwoorde 2 × 2) (4)

10.3.3

- Sny met 'n skêr
- Skop 'n bal
- Gooi 'n bal
- Balanseer op 'n balk (Enige relevante antwoorde) (2)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 125
GROOTTOTAAL: 200